

Bid dat ŉ oplossing gevind sal word in die konflik tussen die Nuba-mense en die regering van Soedan.

## KIRGISTAN vervolg

begin verdruk en haar vir al sy probleme blameer. Bid vir Darina se veiligheid en vir krag om te volhard. Bid ook vir haar seun se saligheid.

## SOEDAN

**23** Die Nuba-mense, waarvan ŉ beduidende aantal Christene is, woon al vir generasies lank in die Nuba-berge in Soedan, ten spyte daarvan dat die Soedanese regering hulle aanval om hulle te ontwortel. Bid asseblief vir sekuriteit, vrede en stabiliteit in die streek, en dat die wat in posisies van mag is, sal onderhandel om ŉ oplossing te vind.

## ERITREA

**24** Shiden (30's) was vir

## ERITREA vervolg

ŉ lang tyd ŉ gevangene vir sy Christelike geloof. Nadat hy vrygelaat is, het hy in depressie verval as gevolg van ŉ gevoel van hopeloosheid. Bid dat God hom sal genees en die vreugde wat hy eens gehad het sal herstel.

## TADJIKISTAN

**25** Verlede jaar is Pastoor Bahrom Kholmatov tot drie jaar gevangenskap gevonnis op valse aanklagtes van ekstremisme. Hy is bereid om sy vonnis uit te dien ter wille van die naam van Christus. Bid vir sy emosionele en geestelike situasie, asook vir fisieke gesondheid gedurende sy tronkstraf. Bid ook vir krag vir sy familie.

## AZERBEIDJAN

**26** Shamil*, ŉ voormalige Moslempriester, het twee jaar gelede tot geloof gekom. As ŉ resultaat hiervan is Shamil en sy familie verstoot in hul dorpie en verduur hulle swaar vervolging. Bid vir die familie se veiligheid, asook vir krag om die druk om hulle geloof te versaak, te weerstaan.

## BHOETAN

**27** Hou aan om te bid vir die werk van Geopende Deure in Bhoetan. Bid dat die bedieningsaktiwiteite en projekte, kanale van seën sal wees vir die Bhoetanese en dat dit deur die Here gebruik sal word om die Bhoetanese Kerk te verenig.

## TUNISIË

**28** Bid vir Maia* wat uit haar familie verban is en haar tuisdorp verlaat het. Dit is baie moeilik vir haar om sonder haar familie te lewe. Bid dat sy ŉ nuwe familie in die Kerk sal vind.

**29** Prys die Here vir Ahmed* en sy vrou Meriam*. Ahmed is nou al vir ŉ paar jaar ŉ gelowige,

## TUNISIË vervolg

en sy vrou het onlangs tot geloof gekom. Hulle ervaar druk in hul dorpie. Bid dat hulle sterk sal bly en ŉ lig vir die ander dorpsmense sal wees.

## MALI

**30** Verlede jaar is verskeie kerke in Mali aangeval, baie gedurende hulle kerkdienste. Bid dat ons werk, deur plaaslike vennote, hulle in staat sal stel om sterk in hulle geloof te bly. Bid ook dat die Evangelie sal aanhou om te versprei in Mali, ten spyte van die geweld teen die Kerk.

## INDIË

**31** Verlede jaar is Pastoor Seviya deur vyf Hindoe-ekstremiste aangeval en het hy ŉ kopbesering opgedoen. Bid vir Pastoor Seviya, en vir baie ander pastore in Indië, wat voortdurend die risiko loop om aangeval te word oor hul bedieningswerk – mag hulle deurgang bewus wees van die Here se teenwoordigheid.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.


**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362**
**E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za**

@opendoorssa
Open Doors South Africa
open_doors_sa


JANUARIE 2018

**Geopende Deure**
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

# GEBEDSKRYGERS *flits*

GEBEDSKALENDER VIR
**VERVOLGDE CHRISTENE** WÊRELDWYD




**"Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie... Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee." – Openbaring 2:10 (1983)**

## VIËTNAM

**1** ŉ Geloofswet wat moontlik gebruik gaan word om die Kerk te beperk en te beheer gaan waarskynlik hierdie maand geïmplementeer word. Bid vir die Here se wysheid vir Sy kinders, veral vir kerkleiers, terwyl hulle voortgaan om Hom te dien in Viëtnam.

## SENTRAAL-ASIË

**2** ŉ Groep radikale Moslems het gedreig om die vroue in Aminat*, ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslemagtergrond, se huishouding te slaan, verkrag en dood te maak as daar gevind word dat hulle Christene is. Bid asseblief vir die beskerming van Aminat en haar familie.

## BROENEI

**3** Bid vir Christenjeug in Broenei wat vervolging deur hulle Moslemvriende in die gesig staar. Bid dat hulle ŉ noue verhouding met Jesus sal hê – mag hulle Sy stem hoor en deur Hom gelei word in elke situasie.

## INDONESIË

**4** Bid vir die voortgesette dissipelskapklasse wat regoor Indonesië deur ons vennote aangebied word. Die projek-evalueringsverslae dui op ŉ goeie impak op kerke. Bid dat nog meer Christene hierdie jaar deur hierdie dissipelskapklasse geraak sal word.

**5** Harun* (19), ŉ Gelowige vanuit ŉ Moslemagtergrond, wie se pa hom opgesluit het oor sy geloof, het besluit om steeds saam met sy pa te woon en die daaglikse druk te verduur, om so hom tot seën te wees. Bid dat God sy pa se hart sal aanraak sodat hy die Here sal aanvaar.

## MALEISIË

**6** In Maleisië dwing sommige Moslems meer opsigtelik hul Islamitiese standaarde af op minderhede, wat maak dat sommige Christene meer vyandig raak teenoor hulle. Bid vir wysheid vir pastore en kerkleiers terwyl hulle Jesus se leringe deel, oor liefde vir ons vyande.

## SRI LANKA

**7** Mary*, ŉ vrywillige Christenonderwyseres, wat Christenskap by ŉ Hindoe-seunskool aanbied, word uitgesonder oor haar oortuigings. Terwyl ander onderwysers klaskamers het, is daar vir haar gesê om haar klas onder ŉ boom aan te bied. Bid vir Mary en vir talle ander Christenonderwysers wat soortgelyke vervolging in skole verduur.

## NIGERIË

**8** Sedert 1999 is daar 12 state in Nigerië wat deur sjaria-wet beheer word. In hierdie state is Christene ŉ ongewensde minderheid. Bid

## NIGERIË vervolg

dat, ten spyte van die sjaria-wet in noordelike Nigerië, die Here sal aanhou om Sy Koninkryk in die hele Nigerië uit te bou.

## SUIDELIKE FILLIPYNE

**9** Bid vir die volgehoue vrede en intergeloof-dialoë tussen Christene en Moslems in Marawi, in die Suidelike Filippyne. Bid dat die Moslems, Jesus se ware identiteit en skoonheid, deur die lewens van ons broers en susters sal sien.

## WÊRELDWYD

**10** Bid dat namate vervolging toeneem, die Here ons vervolgde familie vooruit sal gaan en dat Hy hulle sal toerus vir die uitdagings wat hulle hierdie jaar in die gesig mag staar. Bid dat hulle op ŉ magtige wyse deur Hom gebruik sal word om ŉ helder lig onder hulle vervolgers te wees.

## ETHIOPIË

**11** Ses bekeerlinge van animisme het hulle families ontstel nadat hulle geweier het

## ETHIOPIË vervolg

om stamrituele by te woon. Die dorpsleiers het hulle families gedruk om hulle uit te skop, wat die jong mans forseer het om na ŉ ander area te trek. Bid vir genade vir hulle gedurende hierdie tyd en vir die saligheid van hul families.

**12** Fedlu* is deur plaaslike Moslems aangeval en sy plaasgrond vernietig, omdat hulle kwaad was oor sy Christelike geloof. Hy, sy vrou en drie kinders is forseer om te vlug. Bid vir die Here se beskerming en voorsiening vir hierdie familie.

## SOMALIË

**13** In Somalië, ten spyte van die gevaar om vermoor te word vir jou Christenskap, kom mense tot geloof en volg Christus. Bid dat nuwe gelowiges in hulle geloof sal groei en dat talle ander die Evangelie hierdie jaar sal hoor.

## MIANMAR

**14** Hou asseblief aan om vir vlugtelinge te bid,



Bid dat die Here in die behoeftes van die Rohingya vlugtelinge sal voorsien en dat dié wat hulle aanval, se harte sal verander.

## MIANMAR vervolg

beide Rohingya Moslems en Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond, wat in groot nood in Mianmar verkeer. Bid dat die Here in hulle behoeftes in die vlugtelingkampe sal voorsien en dat dié wat hulle aanval, se harte sal verander.

## TSJAD

**15** Halime (17) het Christus leer ken nadat sy Hom in haar drome teëgekom het. Ten spyte daarvan dat sy haar familie verlaat het, hou haar ma aan om haar te dreig en druk op haar uit te oefen om huis toe te keer en met ŉ Moslem te trou. Bid dat Halime sterk in haar geloof sal bly.

## IRAN

**16** Bid asseblief vir Eskandar Rezaei en Soroush Saraei, gelowiges wat verskeie tipes druk oor die afgelope vyf jaar moes verduur. Verlede jaar is beide Eskandar en Soroush aangekla vir "optrede teen nasionale sekuriteit". Bid asseblief dat die regters die klag sal verwerp en hulle sal vryspreek.

**17** Ten spyte van die goeie nuus van Christengevangenes wat vrygelaat word in Iran, sukkel baie vrygelate gevangenes geweldig ná hul vrylating. Dit mag vir hulle voel of hulle gejag word of hulle mag steeds ly vanweë die psigologiese of fisiese mishandeling. Bid asseblief vir hulle.

## IRAK

**18** Baie Irakkese leef al vir meer as 50 jaar te midde van bloedvergieting. Bid vir ŉ deurbraak in die siklus van geweld en vir God se koninkryk om in Irak te kom net soos in die hemel.

**19** In Irak, het die getal Christene oor die laaste dekades dramaties afgeneem. Die Kerk hier bestaan al sedert die tyd van die Apostels, bid dat dit ŉ integrale deel van die Irakkese samelewing in die toekoms sal bly.

## SIRIË

**20** Baie kerkleiers in Sirië is uitgeput en sien geen hoop vir ŉ toekoms vir die Kerk in dié land nie. Bid dat die Heilige Gees hulle hoop weer sal laat opvlam, sodat die Kerk te midde van die oorlog ŉ baken van hoop sal wees.

## LIBANON

**21** Bid dat die Christen-programme op radio, televisie en die Internet, hierdie jaar ŉ groot oes vir die Koninkryk van God sal bring – nie net in Libanon nie, maar in baie ander Arabiese lande waar die produksies uitgesaai word.

## KIRGISTAN

**22** Darina*, ŉ bejaarde Gelowige vanuit ŉ Moslem-agtergrond, woon saam met haar seun Keram*, ŉ alkoholis. Toe Keram se vrou hom geskei het, het hy sy ma